"… the broken Dutch they understood and spoke …": Die |xam-Boesmans, die Bleek en Lloyd-argief, en die Afrikaanse taalgeskiedenis

Luan Staphorst

"… the broken Dutch they understood and spoke …": The |xam-Bushmen, the Bleek and Lloyd archive, and the history of the Afrikaans language

Although Bleek and Lloyd archival material of |xam (Bushman) folklore, oral history, and customs has been studied from a number of different disciplinary dispositions, a thorough linguistic analysis and description of |xam has not yet been done. What has, however, emerged in research into the archive since the 1990's, has been a challenge to the perception of the archive as internally coherent and bound purely to the |xam language – Afrikaans, the intermediary language of communication between Bleek, Lloyd and the |xam, at least initially, has proven to have played a much larger role in the transcription and translation process than previously thought. This article reviews the existing literature of studies concerned with Afrikaans' relation with the archive and argues for composing a corpus of all the extant Afrikaans linguistic data which can be gleaned from it – and, importantly, to use this data to create a sketch of the variety of Afrikaans known as Orange River (also Gariep or North Western) Afrikaans as it was spoken in the 19th Century Cape frontier. Through this, the understudied variety of Orange River Afrikaans could be described with greater accuracy, and the possible influences of |xam, and Khoesan languages more generally, on the development of Afrikaans could be better understood.

1. Inleiding

Die |xam-Boesmans neem 'n besonderse plek in die Suid-Afrikaanse nasionale verbeelding in – hul taal is gekies om die nasionale leuse te verwoord, en 'n beeld uit hul rotskuns vorm 'n sentrale simbool op die landswapen. Alhoewel daar geen lewende persone is wat as |xam identifiseer nie, kan 'n besonderse groot deel van hul erfenis in twee argiewe gevind word – dié van Wilhelm Bleek en Lucy Lloyd (1911), en dié van Gideon von Wielligh (2009 en 2010). Dit is hierom noemenswaardig dat ons begrip van die |xam en hul kultuurerfenis nog vele gapings het. Moontlik een van die grootste gapings is in die besef van hóé hul kultuurerfenis by dié van ander in Suider-Afrika inskakel, asook die invloed wat die |xam op ander kultuurgroeperings uitgeoefen het. Die behoefte vir 'n beter begrip in die verband is sedert 1994 deur veral navorsers in die letterkunde erken

(vergelyk Van Vuuren, 1994 en 1995). Die gevolg van voortgesette ondersoek het daartoe gelei dat die |xam spesifiek, en ander Khoekhoen- en Boesmangroeperings in die breë, grootliks in die Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing ingeburger is (vergelyk Chapman, 1996; Heywood, 2004; Attwell en Attridge, 2012; Van Vuuren, 2016; Chapman, 2022). Hierom is daar veel meer begrip vir die mate waartoe en die wyses waarop die "Boesman in ons [gedeelde] bewussyn" (Van Vuuren, 2003) deur middel van die letterkunde figureer.

Dieselfde kan egter nie van die taalkunde gesê word nie. Nie alleen is daar 'n leemte in die bestudering en beskrywing van die |xam-taal as sodanig nie (Du Plessis, 2014a), maar daar is 'n leemte in die begrip van taalkontak tussen die |xam, sprekers van ander Khoesantale, en ander taalgroepe in die algemeen. Dit, ten spyte van oproepe om die bevordering van die studie van Khoesantale op universiteitsvlak (Du Plessis, 2008). Hier kan die letterkunde egter van hulp wees. Die aanvanklike betoë wat tot die indringende herbedink van die Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing gelei het, was nie bloot aanklagte teen die heersende literatuurstudie nie. Daar is eerder 'n pad oopgebaan deur letterkundiges wat die |xam-argiewe van Bleek en Lloyd en Von Wielligh noukeurig begin ondersoek het.

In dié betoog sal daar geargumenteer word dat dieselfde optekenings, dieselfde bronne, by 'n bespreking om taalkontak in die koloniale Kaapse grensgebied, veral met betrekking tot die wording van Afrikaans, ingespan kan word. Die artikel plaas hierom eerstens die Bleek en Lloyd-argief, en navorsing daaromheen, in konteks, waarna die bestaande insigte oor Afrikaans in verhouding daarmee uitgelig word. Hierna word die bestaande teorieë oor die rol van Khoesprekers in die ontwikkeling van Afrikaans opgesom, en geargumenteer hoe die argief dié teorieë beide kan uitdaag, asook aanvul. Hierdeur word die waarde van die Bleek en Lloyd-argief vir die bestudering van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans as geheel, en Oranjerivierafrikaans in die besonder, uitgelig.[1]

1.1 *Benaming*

In die studie word die naam 'Boesman', in 'n neutrale sin, bo 'San' verkies. Dit is in navolging van daardie teenswoordige groepe wat as sodanig selfdefinieer (vergelyk Grant, 2019 en Kruiper en Bregin, 2020), en kom verder in die twee argiewe, wat die basis van die bespreking in die betoog vorm, as benaming voor. Siende dat die begrip 'Boesman' egter 'n besonders verwikkelde geskiedenis in Afrikaans het (vergelyk Willemse, 2008), word die gepaste endoniem, |xam, waar moontlik gebruik. 'n Begrip wat verder vermy word, maar wat redelike

gebruikskapitaal in die omgangstaal het, is Khoesan, oftewel Khoisan. Dié is 'n redelike resente akademiese konstruksie, en is vir die eerste maal in 1928 deur die volkekundige Leonhard Schultze-Jena gebruik met verwysing na 'n sogenaamde 'rasgroep', bestaande uit die 'Khoekhoen' en 'San' in sy terme, wat hy in Namibië, oftewel toe Duits-Suidwes-Afrika, uitgeken en bestudeer het. Tot welke mate só 'n samevoeging en 'skepping' aanvaarbaar is, is aanvegbaar, en die term "resoneer min met [teenswoordige groepe]" (Suzman, 2019: xii; alle vertalings vanuit Engels is my eie). Waar dit egter skroomloos gebruik word, is met verwysing na 'n taalgroepering bestaande uit tale waar klapklanke geredelik voorkom (vergelyk Du Plessis, 2019 en Jones, 2019 vir oorsigte oor beide die geskiedenis asook huidige stand van die Khoesantaalgroepering).

Verder word die ortografie wat deur Bleek en Lloyd in hul 1911-versameling gebruik is, gevolg. In dié ortografie word die dentale en laterale klapklanke as | en ǁ weergegee, en nie / en // nie. By eiename word Romeinse letters verder net in hoofletters gedruk indien dit nie op 'n klapklank volg nie: so word D in Diä!kwain met 'n hoofletter geskryf, maar k in ǁkabbo nie. Ten spyte van dié proviso, word die gebruik van ander in direkte aanhalings nie gewysig nie. Dit word gedoen met die "verwagting dat [sulke uiteenlopende gebruike en perspektiewe] debat sal stimuleer en die waarde van die uitruiling van idees [uitlig] … [en is daarom bedoel om enige vorm van] eenvormigheid" (Deacon en Skotnes, 2014a: 5) en sensuur teen te staan. Die voorkeur vir 'Boesman' bo 'San', vir 'Khoe' bo 'Khoi', en vir ǁ bo // verteenwoordig gevolglik nie 'n waardeoordeel oor ander en hul gebruik nie, maar eerder 'n poging om die inherent onvermybare verwikkeldhede van benaming en verteenwoordiging uit te lig (vergelyk Wright, 1996; Barnard, 2007; Raper, 2010 en 2011; en Ellis, 2014 en 2015 vir verdere besprekings oor dié brandpunt).

Laastens word Oranjerivierafrikaans as benaming gebruik vir een van Afrikaans se drie sambreelvariëteite (naas Kaaps en Oosgrensafrikaans). In die letterkunde word die begrip Noordwesterse Afrikaans telkens gebruik (vergelyk Van Coller en Odendaal, 1999; Viviers, 2008; Odendaal, 2015; Bonthuys, 2018) wanneer oor 'streeksliteratuur' of 'regionale literatuur' met die Noord-Kaap as ruimte besin word. Daar is 'n ekwivalent hiervoor in Fritz Ponelis (1987) se beskrywing van die taalgebruik in die streek as Noordwestelike Afrikaans, wat ook vroeër by Gideon von Wielligh se 1925-oorsig van 'gewestelike spraak' gevind kan word. Daarteenoor word die benaming Gariep-Afrikaans deur ander (vergelyk Van Heerden en Kulsen, 2017) verkies. Die gebruik van Oranjerivierafrikaans hierteenoor is hoofsaaklik vir vakkundige kontinuïteit: met Christo van Rensburg as hoof 'gespreksgenoot'[2] in die tweede deel van die betoog, word sy benaming (wat ook die mees herkenbare is) gevolg.

2. Bleek en Lloyd in konteks

Die Bleek en Lloyd-argief word in 1997 Suid-Afrika se eerste inskrywing in die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie se 'Memory of the World'-register – 'n register met die doel om die invloedrykste dokumente van die ganse mensdom te bewaar en bevorder. Aldus dié register (UNESCO, 2012: 329, 330), bied die argief "'n unieke insig in die taal, lewe, geloof, mitologie, folklore en stories van 'n nou-uitgestorwe" groep mense; mense met van die "mees fassinerende 'verlore stemme' van die mensdom". Dié beeld van die |xam – as uitgestorwe mense met "fassinerende" stemme – is deel van 'n gewilde post-1994-diskoers (vergelyk Jeursen, 1995; Tomaselli, 1995; Voss, 1995 en 2018; Barnard, 2004; Grant, 2021), en was moontlik 'n belangrike beweegrede vir die insluiting daarvan as mottotaal in die nuwe Suid-Afrikaanse landswapen. Daar is 'n bykans mitiese aura wat om die argief ontwikkel het, en dit word telkens met 'n hoogs poëtiese toon beskryf: "dit verteenwoordig 'n tipe verseëlde koevert van onversteurbare verhoudings, tussen idees, beelde, herinneringe en waarnemings – 'n tragiese en lewensbevestigende etnografiese na-beeld" (Hewitt, 2002: 33; vergelyk ook Hewitt, 2007 en Martin, 2007). Die gewildheid daarvan in die gedeelde bewussyn van Suid-Afrikaners – veral in akademiese kringe – is duidelik benadruk toe nuus van die oorlewing van die argief te midde van die puin van die verwoestende brand wat in April 2021 die Universiteit van Kaapstad se Jagger-biblioteek verwoes het, met groot fanfare verwelkom is (vergelyk Brits, 2021 en Skotnes, 2021).

Ten spyte van die gewildheid van die argief is daar besonderse leemtes in die bestudering daarvan. Die argief reis gereeld deur beide akademiese- en openbare diskoerse, grootliks as gevolg van die lang tradisie van kuratorskap in die vorm van literêre vertalings en verwerkings wat daarvan onderneem is (Marais, 1927; Markowitz, 1956 en 1971; Cope en Krige, 1968; Watson, 1991; James, 2001; Krog, 2004a en 2004b; Staphorst, 2017; vir 'n breedvoerige bespreking, vergelyk Van Vuuren, 2016). Wat Anne Solomon (2014) egter uitlig, is dat dié kuratorskap nie 'n vervanging van noukeurige studie mag wees nie, en sy sonder die afwesigheid van 'n gevestigde tradisie literêre analise met betrekking tot die argief as voorbeeld van dié leemte uit (vergelyk ook Staphorst, 2021b). Afgesien van die vele studies van veral Helize van Vuuren sedert die 1990's, en wyle Michael Wessels tussen die laat-2000's en 2010's, is die Bleek en Lloyd-argief oorwegend slegs in literatuurgeskiedenisse opgeneem (iets wat, soos reeds genoem, op sigself noemenswaardig is wanneer die afwesigheid daarvan in Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing pre-1994 in ag geneem word). In soortgelyke trant argumenteer Menán du Plessis (2014a) vir 'n indringende bestudering van die |xam taal – iets

wat in die eerste 100 jaar ná die publikasie van Bleek en Lloyd se *Specimens of Bushman Folklore* in 1911 slegs sporadies onderneem is.

Hier moet daar egter op die stand van navorsing met betrekking tot die argief as geheel gelet word, voor kritiek voor die deur van bepaalde dissiplines geplaas word. Wilhelm Bleek het met sy |xam-optekenings in 1870 begin, en vinnig sy skoonsuster, Lucy Lloyd, by die studie betrek. Alhoewel Bleek die formeel opgeleide taalkundige was, getuig hy in 'n 1871-brief aan Sir George Grey (in Eberhard, 1996: 54), eertydse Goewerneur van die Kaapkolonie vir wie Bleek as vertaler en bibliotekaris werksaam was, dat Lloyd "verder gevorder in die praktiese kennis van die [|xam-]taal" was, dat sy "'n vinniger oor" gehad het, en dat hy, gevolglik, grootliks "haar waarnemings in vele opsigte" moes vertrou. Bleek bly egter die leidende figuur wat die benadering tot die optekeningsproses, en die keuse van materiaal, betref – ten minste tot sy sterfte in 1875. Hierna is die werk deur Lloyd alleen voortgesit tot en met 1884. Een van Bleek se dogters, Dorothea, neem die leisels op haar beurt oor, en help Lloyd, haar tante, om *Specimens of Bushman Folklore* in 1911 die lig te laat sien – drie jaar voor Lloyd se sterfte. Dorothea Bleek gaan voort, en publiseer 'n tweede keur verhale uit die argief, *The Mantis and his Friends*, in 1923. Sy publiseer verder 'n reeks volkskundige artikels in *Bantu Studies* (nou *African Studies*), en enkele taalkundige studies van |xam (wat oorwegend steeds dié standaardbronne is, aldus Du Plessis, 2014a; al Bleek se navorsingsartikels aangaande die |xam is in Hollmann, 2004 saamgebind). Haar magnum opus word gepubliseer, soos die geval met haar pa se werk, ná haar dood: in 1956 verskyn *A Bushman Dictionary*, 'n woordeboek wat trefwoorde uit bykans elke opgetekende Khoesantaal bevat.

Die inhoud van die Bleek en Lloyd-argief is gevolglik vir bykans 90 jaar deur alleenlik drie navorsers bestudeer – Wilhelm Bleek, Lucy Lloyd, en Dorothea Bleek. Dit is daarom ook nie vreemd dat die argief ná Dorothea se afsterwe in 1948 vir meer as 30 jaar "min of meer uit sig verdwyn" het nie (Hewitt, 2008: 3). Boesmanstudies, en die argief in besonder, ontvang sedert die middel-1970's hernude belangstelling, veral vanweë die aandag wat rotskunskenners, insluitend Patricia Vinnicombe (1976) en David Lewis-Williams (1981), aan die argief gee. Daarby publiseer Roger Hewitt in 1986 die eerste boeklengte studie van die narratiewe materiaal, en sedert die 1990's word verskeie samekomste gereël waar die argief vanuit verskillende perspektiewe belig word (vergelyk Deacon en Dowson, 1996; Deacon en Skotnes, 2014b; Wessels, 2014; Wessels et al., 2019). Belangwekkend is dat die oorgrote meerderheid argiefmateriaal steeds grootliks ongepubliseerd, wat geredigeerde en geannoteerde weergawes betref, bly. Die inhoud is dus slegs toeganklik vir dié wat bereid is om die 13 000-bladsyversameling met die hand deur te werk. In 2000 verskyn 'n nuwe keur

saamgestel deur David Lewis-Williams, en in 2007 word *Claim to the Country* (2007), saamgestel deur Pippa Skotnes, gepubliseer. Saam met dié publikasie word 'n CD-ROM uitgegee waarop skanderings van al 13 000-bladsye ingesluit is. Terselfdertyd word dié skanderings vrylik op die internet beskikbaar gestel op 'n webblad toegewy aan die argiefversameling.

Dit is gevolglik nie vreemd dat groot dele van die argief nog geen kritiese aandag ontvang het nie, nog dat groot dele onvertaal en onversorg daar uitsien nie. Die argief is, tot 'n mate, wel 'n "verseëlde koevert" (Hewitt, 2002: 33), maar nie omdat ons 'n briefoopmaker mis nie. Daar is eerder 'n turbulente geskiedenis wat die argief vergesel; gekenmerk deur lang stiltes wat deur slegs enkele stemme onderbreek is wat bereid is om die moeisame naspeurwerk te onderneem om die telkens duistere inhoud oop te maak.

2.1 *Afrikaans op die argiefgrens*

Helize van Vuuren publiseer in 1995 die eerste studie waarin Afrikaans in verhouding tot die Bleek en Lloyd-argief uitgelig word. Van Vuuren, wat met 'n ondersoek na die Boesmanoptekenings van Gideon von Wielligh besig was, het gelet op die getuienis van interkulturele kontak tussen Afrikaanssprekende trekboere en die |xam-sprekende Boesmans soos dit in die Von Wielligh (2009 en 2010)-optekenings gereflekteer word. Belangwekkend is dat Von Wielligh miskien die enigste bewyse lewer van die hoë vlak van tweetaligheid onder Boer en Boesman wat op die uithoeke van die Kaapse Kolonie gevind kon word. Daar word, byvoorbeeld, vertel hoe "die meeste van [hulle, die Boere,] die Boesmantaal geken" het (Von Wielligh, 2010: 165), en dat "hulle dit van die lippe van die Boesmans geleer het" (Von Wielligh, 2010: 42). Hiernaas word daar beskryf hoe vele |xam bekend was vir hoe hulle in "gebroke Afrikaans ook 'n gesprek kon voer" (Von Wielligh, 2010: 14), met verskeie voorbeelde van hoe dié kennis van Afrikaans gebruik is om die trekboere te uitoorlê.

Belangwekkend is dat die Von Wielligh-argief telkens deur navorsers in Boesmanstudies met agterdog bejeën word (vergelyk Van Vuuren, 2016 en Staphorst, s.a.), en insigte wat daarin verberg word, word vervolgens selde betrek by die opklaring en bespreking van vraagstukke in die veld. Die interkulturele kontak tussen Boer en Boesman wat Von Wielligh geboekstaaf het, was byvoorbeeld nooit aan die leidende Khoesantaalkundige Anthony Traill bekend vóór hy deur Van Vuuren daarvan ingelig is nie: die "[m]ededeling van hierdie feit het … [Traill] sodanig verstom … dat hy bewysplase uit Von Wielligh … aangevra het" (Van Vuuren, 2010: 12). Dié bewysplase het 'n sentrale posisie in 'n toonaangewende bespreking oor die rol van twee- en meertaligheid onder Boesmangroeperings

in die 19de en 20ste eeu in die Kaapse grensgebied ingeneem wat Traill (1996 en 2007) sou neerpen. Hierin het Traill die sosiale faktore uitgelê wat taalverandering en -verskuiwing onder die |xam, asook sprekers van ander Khoesantale, aangehits het tydens die verloop van die 19de eeu: die telkens noodlottige interkulturele kontak tussen Afrikaanse trekboere en Khoesantaalsprekende groepe het 'n sentrale rol gespeel met betrekking tot dié verandering.

Van Vuuren se bespreking was egter nie slegs op Von Wielligh geskoei nie. Sy het haar betoog ook op Bleek se *A Bushman Dictionary* toegespits. Hier het Van Vuuren verskeie voorbeelde van Afrikaans uitgelig wat in die loop van die woordeboek – onder verklarings, as vertalings, en selfs as homofoniese trefwoorde geëtiketteer as behorend tot Khoesantale self – uitgeken kan word. Onder die trefwoord -ǁka, byvoorbeeld, 'n uitroep vir uitnemendheid, word 'n frase verskaf waarin die "bureagən" (Boere), aangehaal word:

> hi ǁkwaŋ ka, "-ǁka, -ǁka" au |xam-ka ǂkakkənǂkakkən, bureagən e: |ne ta, "maar my magtig, die ding is regte [sic] lekker" --- they say, "excellent, excellent!" in the Bushman language, the farmers are those who say "but my goodness, the thing is very nice" (Bleek, 1956: 547).

Belangwekkend is dat dié voorbeeldsin beide |xam en Afrikaans bevat, en dus 'n verdere bewys is van die tweetaligheid van die |xam wat in Von Wielligh beskryf word, asook hoe dié tweetaligheid ingespan is om verklarings aan Bleek en Lloyd te verskaf. Van Vuuren haal verder verskeie vertalings aan waar 'n |xam-term, veral plant- en diernaame, direkte vertalings in Afrikaans gegee word – maar telkens met spellingsvorme wat afwyk van Standaardafrikaans: "blespaard" vir "!ai:tən" (1956: 370), en "assbos" vir "!ko-a" (1956: 437). Laastens is daar voorbeelde van leenwoorde uit Afrikaans wat op eiesoortige maniere ver-|xam is: "hunkeri, hunkeruŋ" vir hoender, byvoorbeeld (1956: 56). Dié aanhalings van Van Vuuren word egter nie verder ondersoek nie, en, benewens die betoog van Traill, ook nie by besprekings om die argief betrek nie. Dit is gevolglik bykans 'n dekade later voor die verhouding van Afrikaans met betrekking tot die argief weer aan bod kom.

Antjie Krog publiseer in 2004 twee digbundels wat uit verwerkte en vertaalde materiaal uit die Bleek en Lloyd-argief saamgestel is – een in Afrikaans, en die ander in Engels. In die inleiding tot die bundels, as deel van die uitlegging en motivering van haar vertaalstrategie, argumenteer Krog dat sy aanklank by die "stemme" in die argief gevind het. Dié aanklank is egter nie net ten opsigte van die inhoud of gevoelswaarde van die materiaal nie, maar eerder konkreet ten opsigte van taal. Sy vertel gevolglik dat sy deur "die Afrikaanse onderbou van die materiaal [gelei is] ... [tot op die punt dat sy] gevoel het asof [sy] bloot uit Engels terug moes vertaal in die oorspronklike Afrikaans" (2004a: 10). Sy haal verder 'n voorbeeldsin aan om haar

siening van die "onderbou" wat sy bespeur uit te lig: "Hold thou strongly fast for me the hartebeest skin!" (‖kabbo, 1911b: 3). Dié sin kan direk in Afrikaans as "Hou jy sterk/styf vas vir my die hartebeesvel!" vertaal word.

Hier kan vinnig stilgestaan word om die moontlike invloed van Afrikaans op die vertaling uit te lig. Die Engelse "hold ... fast" klink op die Afrikaanse "hou ... vas", maar die "hold ... fast" is verder deur die bywoord "strongly" vergesel: "hold ... strongly fast", of "hou ... sterk/styf vas". Die Engelse frase 'hold fast' is nie vreemd aan die taal nie. In die Koning James Bybelvertaling word Openbaring 3: 11 soos volg vertaal: "Behold, I come quickly: hold that fast which thou hast, that no man take thy crown". Die argument kan dan wel voorgehou word dat die vertaling bloot 'n "kwasi-Elizabethiaanse Engels" (Loughnane, McGranaghan en Güldemann, 2014: 308) probeer naboots. Daar mag egter nie vergeet word nie dat 'hold fast' nié 'n skeibare werkwoord, soos die Afrikaanse 'vashou', is nie. 'Fast' is dus 'n bywoord wat die werkwoord 'hold' bepaal. Hierom val die dubbele bywoordgebruik, van 'strongly fast', as onidiomaties op. Hierteenoor word die Afrikaanse 'hou vas'/'vashou' gereeld deur 'n verdere bywoord bepaal. Daarbenewens word die voornaamwoord 'thou'/'you' selde in die Engelse bevelsin opgemerk, en, waar wel, word dit voor die werkwoordstuk geplaas: "(You) Hold on to that skin for me". Dit, teenoor die Afrikaanse "Hou (jy) vir my die vel vas", byvoorbeeld. Die sin kan dus as idiomatiese Afrikaans beskryf word – met die V2-sinsnede "sterk/styf vas" wat deur middel van beginrelevering na 'n vroeë posisie in die sin verskuif is vir die beklemtoning van "Hou jy sterk/styf vas ...", dit wil sê die kernbetekenis van die bevel.

Krog se vertaalprojek verskaf dus 'n blik op die argief wat voorheen onbedenkbaar was – die argief as 'oorspronklik' Afrikaans. Haar vertalings is egter oorskadu deur 'n aanklag van letterdiefstal deur mededigter Stephen Watson. Watson het in 1991 'n bundel verwerkings uit die argief gepubliseer, en geargumenteer dat Krog se projek derivatief is van sy eie (vergelyk Watson, 2005 en Krog, 2006 vir die aanklag deur Watson en die antwoord daarop deur Krog, asook Verstraete, 2006; Wessels, 2007 en 2010; en Van Vuuren, 2008 en 2016 vir besprekings daarvan). Dié betoog wil nie by die debat betrokke raak nie, behalwe om een deel van Watson se aanklag uit te lig. As deel van 'n breë afmaking van Krog se vertalings, het Watson op haar opmerking oor die "onderbou" van die materiaal kommentaar gelewer, en geargumenteer dat haar lees van dié sintaktiese verskynsels verkeerd is – dit is, volgens hom, eerder 'n bewys van die vervreemdende effek wat 'n vertaling van |xam op Engels het, as 'n bewys van Afrikaanse invloed. Krog se antwoord hierop is eenvoudig: sy beklemtoon dat daar reeds bewyse is dat Afrikaans as taal van

bemiddeling tussen Bleek en Lloyd en die |xam tydens die opnames gebruik is, en, belangwekkend, dat sy self die bewyse van dié bemiddeling in die kantlyne van die oorspronklike notaboeke gesien het.

Twee jaar ná die publikasie van Krog se bundels verskyn Andrew Bank se omvattende studie oor die geskiedenis van die Bleek en Lloyd-argief. Dié studie het 'n besonderse verdieping in Boesmanstudies teweeg gebring deur hernude aandag op die dinamiese verhouding wat tussen Bleek, Lloyd en die |xam-medewerkers uitgespeel het te vestig (vergelyk Rassool, 2006). Dit is dan ook in dié studie waar Bank die aandag op Krog se opmerking oor die Afrikaanstalige aard van die Engelse materiaal gevestig het. Deur kantaantekenings, voetnote, briewe, en ander materiaal uit die argief te ondersoek, het Bank Krog se intuïtiewe opmerking beaam, en die deurslaggewende rol wat Afrikaans as taal van bemiddeling tussen Bleek en Lloyd en die |xam gespeel het, uitgelig.

Hier kan genoem word dat kennis om die gebruik van Afrikaans in die skepping van die argief nie 'n totaal nuwe insig is nie. Bleek self het in 'n 1873-verslag vier verhale uitgesonder wat direk uit 'Nederlands' vertaal is. In 1909 beskryf Edith en Dorothea Bleek hoe, "[a]an die begin[,] … [die] hoofmedium van kommunikasie [tussen hul pa en die |xam] …die gebroke Nederlands wat hulle[, die |xam,] verstaan en gepraat het" was (1909: 40). Anthony Traill (1996 en 2007) het, in dieselfde betoog waar hy op Van Vuuren se insigte uitgebrei het, die rol van Afrikaans ook uitgelig, maar dit egter nie as sentraal tot die opnemingsproses beskryf nie. Hy argumenteer eerder dat Bleek en Lloyd die |xam se kennis van Afrikaans slegs met die aanvang van hul studie ingespan het, en dat dié gebruik afgeneem het namate hul, Bleek en Lloyd, kennis van |xam verbeter het. Die naspeur van Afrikaans deur Bank na aanleiding van Krog se opmerking skets egter 'n ander prentjie: Afrikaans het eerstens 'n veel groter invloed op die skepping van die argief gehad as voorheen gedink, dié invloed strek tweedens verder as net die eerste kennismaking tussen Bleek en Lloyd en die |xam, en daar is derdens baie meer reste van Afrikaans in die notaboeke te vinde as aanvanklik veronderstel.

Wat Traill wel reg had, is die gebrekkige kennis van Bleek en Lloyd ten opsigte van Afrikaans. Bleek merk, byvoorbeeld, in sy dagboek in 1857 – tydens 'n tog deur Natal – op dat hy sukkel om met 'n boer te kommunikeer, omrede hy "weinig Nederlands verstaan het en in ieder geval, die Nederlands wat [daar] gepraat [was] verskil van dit wat in Europa gepraat" is (Spohr, 1965). Indien Von Wielligh se opmerking oor die |xam en hul "gebroke Afrikaans" in ag geneem word, was Bleek met 'n dubbele 'gebrokenheid' gekonfronteer – die |xam wat 'n 'gebroke' weergawe van 'n reeds 'gebroke' taal gepraat het, dit wil sê gebroke gebroke Nederlands. Die waarde van dié insig, egter, is dat die

optekening van Afrikaans wat in die argief gereflekteer word, redelik vry is van enige veronderstelde idees van "korrekte" Afrikaans. Hierom dwaal die spelling gereeld van die huidige standaard af – iets wat te verwagte is. Maar, met veral Lloyd se "fyn gevoelige taaloor[, soos reeds uitgelig met verwysing na Bleek se eie woorde], is die afdwalings heel moontlik baie getrou tot die gesproke woord" (Bank, 2006: 167).

Hier kan ons drie belangrike gevolgtrekkings bereik. Eerstens, alhoewel bekend as 'n |xam-argief, besit die Bleek en Lloyd-argief taaldata wat vir die Afrikaanse taalkundige van besonderse belang is. Tweedens, benewens die uitkenbaar Afrikaanse taaldata, is daar die moontlike teenwoordigheid van 'n Afrikaanse substraat in die Engelse vertalings, wat, deur vertaling terug na Afrikaans self, verder lig kan werp op die aard van die Afrikaans deur die |xam gebesig. Hier moet genoem word dat daar verskeie twispunte om die aard van die Engelse vertalings is, met party wat argumenteer dat die vreemdheid van die taalgebruik spreek van die invloed van 'n Victoriaanse akademiese diskoers (Wessels, 2010), party wat voorhou dat Bleek en Lloyd se eie stilistiese keuses 'n invloed daarop ingeoefen het (Loughnane, McGranaghan, en Güldemann, 2014), en ander wat weer argumenteer dat dit direkte kanttekeninge is, en daarom van die struktuur en aard van die taal waaruit vertaal is getuig (Du Plessis, 2014a). Die ooraanbod van feite wat die argief met Afrikaans verbind, asook die talige ooreenkomste, laat die gevolgtrekking dat dit moontlik die vreemdheid van die Afrikaanse taalstruktuur is wat die Engelse vertalings sodanig versteur – en wat terugvertaling dus 'n werkbare benadering tot inwin van meer taaldata maak. Maar, selfs indien dié siening verkeerd is, en die vreemdheid slegs aan |xam toegedig kan word, moet daar gevra word hóé daar so nóú 'n verwantskap tussen die sintaktiese vorms van |xam en Afrikaans is, dat Afrikaans ingelees kan word. Dit is dan die derde gevolgtrekking – alhoewel daar nog nie 'n diepgaande beskrywing van die aard en struktuur van |xam as sodanig bestaan nie (Menán du Plessis stel tans 'n beskrywende grammatika vir |xam saam – die eerste poging om die taal substantief te beskryf - Galloway, 2020; persoonlike kommunikasie), is daar genoeg bewyse van taalkontak en -verskuiwing om 'n invloed van |xam op Afrikaans te bespeur. En dít is moontlik die grootste vonds wat vir die Afrikaanse taalkundige in die argief wag. Die gebruik van Afrikaans in die konteks van die argief moet dus nie as 'n anachronisme gelees word nie, want, soos uit Van Vuuren (1995) se ondersoek in die Von Wielligh-argief, asook Traill (1996 en 2007) se beaming daarvan, blyk, is Afrikaans as 'n sentrale 'brugtaal' (Willemse, 2009) tussen Boer en Boesman in die Kaapse grensgebied ingespan.

3. Khoe-Afrikaans

Maar waar pas dié argief spesifiek in? Wat is die waarde benewens historiese kuriosum? Hier moet ons onsself na die variasietaalkunde wend. Alhoewel die Afrikaanse variasietaalkunde ten minste tot die optekenings van Gideon von Wielligh (1925) teruggetrek kan word, is die erkenning van variëteite en dialekte as sodanig tot so onlangs as die 1970's bevraagteken (vergelyk Du Plessis, 2001). Dié siening is egter uitgedaag deur die dialektologiese studies wat veral in die 1980's 'n opbloei beleef het, met Christo van Rensburg (1983, 1984, en 1987), Hans du Plessis (1987a en 1987b), en Tony Links (1989) as leidende figure. Deur veral klem op die taalgebruik van die Griekwas, Richtersvelders, Van der Merwes, en Namakwalanders in die Noord-Kaap en Namibië te lê, het dié drie navorsers die taalwetenskaplike tradisie van variasietaalkunde in die breë, en dialektologiese studies in die besonder, in Afrikaans ingeburger. Terwyl dialekte die hooffokus van Du Plessis en Links se navorsing gevorm het, het Van Rensburg die insigte uit die variasietaalkunde by die taalgeskiedskrywing bygebring om 'n dinamiese blik op die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te verskaf. Dialekte, aldus Van Rensburg, is nie bloot verskynsels wat gedifferensieerde taalgebruik weerspieël nie, maar vorm 'n draad waarlangs die wording van 'n taal nagespeur kan word.

Van Rensburg het gevolglik drie sambreelvariëteite uitgeken – Kaapse Afrikaans, Oosgrensafrikaans, en Oranjerivierafrikaans – wat die spil van Afrikaans vorm (vergelyk Van Rensburg, 1983, 1989, en 1997). Aldus Van Rensburg kan iedere Afrikaanse dialek as 'n besondere uitdrukking van een van dié breë sambreelvariëteite beskryf word. Hy trek dan die drie sambreelvariëteite verder terug tot drie verskillende oorsprongsgemeenskappe aan die Kaap: Kaapse Afrikaans is deur veral die slawegemeenskap gepraat, Oosgrensafrikaans is die taal van trekboere wat die Kaap verlaat het om noord- en ooswaarts te trek, en Oranjerivierafrikaans is die Afrikaans van die Khoekhoen en hul afstammelinge. Oranjerivierafrikaans is volgens dié siening die gevolg van 'n aanleerdersvariëteit: die Khoekhoen het Afrikaans geleer, maar telkens hul grammatikale beginsels en -patrone van Khoetale gebruik om daardie Afrikaans te vorm (vergelyk Du Plessis, 2015 en Du Plessis en Grant, 2019 vir 'n resente uitbreiding van Van Rensburg se intertaalhipotese). Die gevolg is 'n vorm van Afrikaans waar Khoe-invloede heel merkbaar is.

Alhoewel Van Rensburg myns insiens die mees samehangende blik op dié deel van Afrikaans se ontstaansgeskiedenis verskaf, is die invloed van Khoesprekers op Afrikaans lank reeds 'n besprekingspunt (vergelyk Groenewald, 2019). Soos Daniël Bosman (1923) in een van die eerste omvattende vergelykende besprekings oor die geskiedenis van Afrikaans opteken, is Khoe-invloed die "oudste verklaring

van die karakter van Afrikaans" (1923: 16) – 'n verklaring wat na 'n 1882-lesing deur Johannes Hahn, self 'n spreker van, onder andere, Nama, herlei kan word. Dié Khoegesentreerde siening word later veral deur Gabriël Nienaber (1963 en 1994), Hans den Besten (2005, 2012a, en 2012b), en die reeds genoemde Christo van Rensburg (2013, 2015, 2016, en 2018a) voorgehou en ontwikkel. Wat Van Rensburg se werk spesifiek uitsonder is die fokus op Khoe-Afrikaans as die bron van 'n lewende variëteit, naamlik Oranjerivierafrikaans.

Hier is daar egter belangrike gegewens wat nie vergeet mag word nie. Die eerste is dat daar nie een enkele Khoetaal as sodanig is nie. Daar is verskeie Khoetale wat die moontlike basis van dié bepaalde aanleerdersvariëteit van Afrikaans kon gevorm het (en selfs die moontlikheid dat almal 'n hand hieraan gehad het), en siende dat daar ten minste 11 Khoetale aan die Kaap in die 17de eeu gebesig is (Traill, 2004), is uitsluitsel moeilik bereikbaar. Daar is nietemin goeie rede om te vermoed dat !ora die grondtaal was (Du Plessis, 2018). Verder van belang is dat dit nie bloot sprekers van Khoetale was wat die Kaapse skiereiland bewoon het nie, nog minder is daar 'n klinkklare onderskeid tussen dié sprekers en die sprekers van !ui-tale (die taalgroep wat |xam insluit) se sosio-ekonomiese bestel aan die Kaap nie. Simon van der Stel het, byvoorbeeld, in 1685 op Boesmans gelet wat aan Khoekhoengroepe verbind was, en Menán du Plessis (2018) suggereer gevolglik dat 'n verhouding van lyfeienskap, soortgelyk aan die moontlike historiese adellike sisteem tussen die Khoekhoen en Boesmans van die Kalahari (vergelyk Gordon en Douglas, 2000 en Wilmsen, 1989), bestaan het. Alhoewel die aard van die verhoudings tussen die groepe betwisbaar is, is daar sekerheid omtrent die aanwesigheid van !ui-sprekers aan die Kaap sedert die aankoms van die eerste Europese setlaars.

Hiernaas moet daar op die kontinuïteit van die Khoekhoen en Boesmans as 'n historiese groepering aan die Kaap gelet word. Alhoewel die Khoekhoen met hul verwikkelde sosio-politieke netwerke meer georganiseerde teenkanting teen die trektogte van die vryburgers kon bied as die Boesmans, is hul samelewings grootliks teen die middel van die 18de eeu uitgewis (Penn, 2005) – met taalverskuiwing na Khoe-Afrikaans voltrek (Van Rensburg, 2012, 2013, 2015, en 2018b). Die Boesmans in die Kaapse grensgebied, hierteenoor, het tot ten minste die einde van die 19de eeu steeds tale soos |xam gebesig. Indien ons dus die ontwikkelingslyn van Oranjerivierafrikaans teen historiese gegewens lees, is dit bykans onmoontlik dat dit alleenlik Khoetale was wat daartoe bygedra het. Inteendeel, indien die basis grootliks op Khoetale geskoei is, is die ontwikkeling daarvan ten minste tussen die middel-1700's en die vroeë 1900's deur kontak met !ui-tale, soos |xam, beïnvloed. Van Rensburg se teorieë van historiese variëteite kan uit verskeie hoekpunte gekritiseer word (vergelyk Grebe, 2012), maar myns

insiens is die grootste uitdaging die kontinuum wat tussen Khoe-Afrikaans en Oranjerivierafrikaans veronderstel word, met Khoetale as enkele basis.

In resente studies argumenteer Van Rensburg (2012 en 2018b) eksplisiet dat die Kaapse Boesmans, wanneer hulle in kontak met Khoekhoengroepe, Griekwas, en trekboere deur die loop van die 18de en 19de eeu gekom het, Khoe-Afrikaans gebruik het. Belangwekkend is dat Van Rensburg nie die moontlikheid erken dat hulle eerstens ook ander tale, benewens Khoe-Afrikaans, magtig was nie (soos !ora, vergelyk Traill, 1996 en 2007), en dat hulle op hul beurt, soos die Khoesprekers in die 17de en 18de eeu, deur hul aanleerdersvariëteit van Afrikaans 'n invloed op die ontwikkeling daarvan uitgeoefen het nie. Ons het moontlik met 'n selfs beduidender invloed as Khoetale te make, siende dat Von Wielligh se beskrywings van die trekboere se kennis van |xam 'n taalkontakruimte teweeg gebring het wat in die struwelinge tussen die Europeërs, vryburgers, en Khoekhoen aan die Kaapse skiereiland in die 17de eeu afwesig was.

Indien die verskeidenheid van Khoetale, tesame met vele ander sogenaamde Boesmantale, insluitend veral |xam, in aggeneem word (vergelyk Du Plessis, 2014b en 2019 vir 'n bespreking oor die problematiek om toe-eiening en beskrywing van Khoesantale as behorend tot 'Khoekhoen' of 'San' groepe), kan die besonders dinamiese taalkontak tussen die aanleerdersvariëteit Khoe-Afrikaans, die Afrikaans van die trekboere, asook die steeds Khoesantaalsprekende Khoekhoen- en Boesmangroeperings in die Kaapse grensgebied ten volle erken word. Khoe-Afrikaans moet nie as 'n statiese taalvorm, met 'n eenvoudige onwikkeling wat op Oranjerivierafrikaans uitloop, geag word nie. Die moontlikheid van 'aansterking', van voortdurende ver-Khoesan-ing deur kontak met sprekers van Khoesantale in die breë, moet in aanmerking geneem word. Dié interpretasie sluit nóú by Hans du Plessis (2015) en Du Plessis en Grant (2019) se teorie oor die verband tussen Afrikaans en die ruimte van die Suider-Afrikaanse binneland as 'voorpos' aan – 'n ruimte waar identiteite en netwerke voortdurend aan die verander was, en waar die taal en kultuur van Boesman, Boer, en Bantoetaalsprekende dus op verskeie verwikkelde wyses ingrypend verander het.

'n Moontlike voorbeeld van hoe die |xam-taal die ontwikkeling van Khoe-Afrikaans na Oranjerivierafrikaans beïnvloed het, kan uit 'n besondere oorlewering, wat die |xam man ǁkabbo aan Wilhelm Bleek oorgedra het, bespeur word. Die uitsonderlikheid van beide die toonaard en inhoud van die kum, die |xam-woord wat, onder andere, narratief of verhaal beteken, het reeds tot verskeie interpretasies gelei – van die letterkunde (Van Vuuren, 1994), deur burgerskapstudies, kompleksiteitsteorie (Staphorst, 2019), en epistemologie (Staphorst, 2021a), tot selfs die sterrekunde (Rusch, 2016). Die trefkrag van die oorlewering lê in ǁkabbo se diepe begeerte om na |xam-ka-!au, oftewel Boesmanland, terug te keer. ǁkabbo,

toe reeds ’n hele paar jaar by die Bleek-huishouding, en vroeër ’n gevangene by die Breekwatertronk, het sy heimwee vir sy land en mense bekendgemaak deur ’n beeld te skilder van sy begeerde terugtog huiswaarts – en wat hom daar te wagte sal wees. Aan Bleek seg hy: “*Aken ǂenna, ti e, n !ka ssho au !xoe-ssho-!kui, sse !xuonniya kke, n sse !kuiten n-ka !xoe*”; “Thou knowest that I sit waiting for the moon to turn back for me, that I may return to my place” (‖kabbo, 1911a: 298-299). Luister, egter, na hoe dié sin – in direkte vertaling – in Afrikaans klink: *U weet dat ek sit wag vir die maan om om te draai vir my, dat ek mag terugkeer na my plek*.

Van belang hier is die skakelwerkwoordkonstruksie “sit wag” – ’n algemene verskynsel in Oranjerivierafrikaans in die besonder (vergelyk Hendricks, 2018; Van Rensburg, 2018a en 2018b; en Theys, 2021 vir voorbeelde, en Du Plessis, 1990 vir ’n ondersoek na die aard van skakelwerkwoorde in Oranjerivierafrikaans), maar wat ook onder sprekers van ander variëteite voorkom (vergelyk Dirix en Augustinus, 2019 vir ’n resente ondersoek na skakelwerkwoorde in Afrikaans in die breë). Alhoewel dié verskynsel veral aan Khoekhoegowab-, oftewel Nama-, invloed toegedig word (vergelyk Van Rensburg, 2018a en 2018b, en Du Plessis en Grant, 2019), bied |xam ’n uitdaging. Dit mag dalk wees dat die aanvanklike verskakelwerkwoording van Afrikaans onder die invloed van Khoekhoegowab plaasgevind het, maar wat het gebeur ná die meeste Khoesprekers omstreeks die middel-1700’s Afrikaans aangeneem het as huistaal, terwyl |xam nog vir ten minste 150 jaar gedy het? Die argument van dié betoog is nie om ’n diepgaande studie te onderneem nie, en dit poog dus nie om ’n klinkklare antwoord hierop te verskaf nie. Maar, wat dit wel poog, is om te wys dat die belang van so ’n moontlike ondersoek nie sommerso ontken mag word nie.

Hier moet genoem word dat selfs indien die hipotese van die invloed van |xam verkeerd is, daar steeds geweldige waarde in die bestudering van die Bleek en Lloyd-argief in verhouding tot Afrikaans is. Die |xam wat die argief help skep het, was bewoners van Boesmanland, en hul vorm van Afrikaans dus ongetwyfeld ’n vroeë vorm van Oranjerivierafrikaans. Waar die ander sambreelvariëteite van Afrikaans, insluitend Kaaps en Oosgrensafrikaans, deur verskeie briewe, dagboeke, en ander dokumentasie nagespeur kan word, is die optekenings van Oranjerivierafrikaans redelik skraal, en die meeste dateer uit die 20ste eeu (vergelyk Hendricks, 2018 vir ’n oorsig oor beskikbare bronne, asook Hendricks, 2014 en 2017, Saal en Lawrence, 2019, en Theys, 2021 vir resente besprekings van die variëteit). Elvis Saal (2019) merk op die afwesigheid van bronmateriaal as die grootste uitdaging wat die bestudering en herkonstruksie van Khoe-Afrikaans en Oranjerivierafrikaans in die gesig staar. Die |xam-korpus kan hierdie leemte in die nuansering van die geskiedenis van die ontwikkeling van Khoe-Afrikaans tot Oranjerivierafrikaans aanvul.

4. Slot

Alhoewel dit nie ’n korpus spesifiek gewy aan Afrikaans is nie, is daar genoegsame data in die Bleek en Lloyd-argief om dit by die Afrikaanse taalkunde te betrek. Die argief, en alle beskikbare publikasies wat deur die oorspronklike drie navorsers, naamlik Wilhelm Bleek, Lucy Lloyd, en Dorothea Bleek, uitgegee is, moet eerstens vir alle moontlike reste van Afrikaans gefynkam word. Wanneer die wetenskaplike inslag van die navorsers, tesame met hul gebrek aan kennis van Afrikaans in ag geneem word, kan dit as redelik betroubare data, wat insig in Oranjerivierafrikaans soos dit in die 19de eeu uitdrukking geniet het, beskou word. Dit kan weer met die bestaande data oor Oranjerivierafrikaans vergelyk word om ooreenkomste en verskille uit te ken.

Die argief moet tweedens in Afrikaans vertaal word. Dié vertaling moet egter nie op die bestaande tradisie omdigtings en literêre verwerkings volg nie, maar eerder ’n direkte vertaling van die Engelse weergawes wees. Dit moet ideaal van die hele argief gemaak word, maar die optekenings van die eerste paar jaar, dit wil sê 1870 tot omstreeks 1873, kan beklemtoon word. Alhoewel Afrikaans heel moontlik ’n permanente teenwoordigheid tydens die opnameproses gehad het, is die rol daarvan in die aanvangsjare die beduidendste. Dié vertalings kan, soos die direk waarneembare Afrikaanse taaldata wat uitgeken kan word, ook insig in vroeë Oranjerivierafrikaans verskaf. Derdens, en laastens, moet |xam as taal nie net indringend bestudeer en beskryf word nie, maar die moontlike invloed wat dit op die ontwikkeling van Afrikaans in die breë, en Oranjerivierafrikaans in die besonder, gehad het, ondersoek word.

Die behoefte vir die voorgestelde bestudering van die argief is egter, myns insiens, nie bloot nodig omrede historiese nuuskierigheid nie, maar eerder ’n plig. Die diskoers om ‘versoening’ en ‘afrekening’ met die geskiedenis van Afrikaans wat telkens voorgehou word as sentraal tot die toekoms van die taal en die taalgemeenskap (vergelyk Carstens, 2013a; Carstens, 2013b; Carstens en Raidt, 2017 en 2019) kan om verskeie ideologiese redes gekritiseer word (vergelyk Kriel, 2015 en 2018). Moontlik van groter belang is dat die idee dat die geskiedenis van Afrikaans ten volle vertel is (vergelyk, weer, Carstens en Raidt, 2017 en 2019), vals is (vergelyk Titus, 2016 en Willemse, 2017, 2019a en 2019b).

In Wannie Carstens en Edith Raidt se tweedelige *Die Storie van Afrikaans*, wat as dié standaardbron oor Afrikaans se wordingsgeskiedenis voorgehou word (vergelyk Kirsten, 2018; Taljard, 2018; Kotzé, 2019; Roux, 2019), verskyn die ‘San’ hoofsaaklik met verwysing na die historiese bewegings en konflikte tussen die Boesmans en ander groeperings, veral wit Afrikaners. Daar verskyn slegs vier verwysings na die invloed van ‘San-’ of ‘Khoesantale’ op Afrikaans, maar

sonder enige bewys of teorie van hóé dié tale Afrikaans in die besonder help slyp het (Khoetale word wel telkens genoem, met verwysing na die studies van veral Nienaber en Van Rensburg). Die enigste direkte verwysing na enige spesifieke 'Santaal', asook die enigste verwysing na |xam, is waar daar in 'n inleidende hoofstuk oor gestorwe tale in die algemeen gereflekteer word.

Die 'versoening' waarna gesmag word, kan nog nie plaasvind alvorens daar nie 'n beter begrip van die wisselwerkings en verwikkeldhede wat Afrikaans help vorm het, is nie: nie net as 'n kontaktaal aan die Kaap nie, maar as 'n taal verstrengel in en met die verstoting en vervanging van vele ander mense en tale regoor Suider-Afrika. Die |xam, en hul erfenis, is "teenwoordig en sosiaal gesitueerde individue en gemeenskappe, wie se geskiedenis, kulture, tale en gene interverweef is in verwikkelde en bestrede wyses met die van ander in die streek" (Wessels, 2014: 467; vergelyk Staphorst, 2019). Afrikaans, en in die besonder Oranjerivierafrikaans, is 'n lewende bewys hiervan, en die vele Khoesanherlewingsbewegings (vergelyk Besten, 2011 en 2013; Ruiters, 2013; Bam, 2015; Van Wyk, 2016; Verbuyst, 2016; Boezak, 2016 en 2018; Brown en Deumert, 2017; Barnabas en Miya, 2019; Veracini en Verbuyst, 2020) wat tans daar uitsien, is gewortel in die erkenning van daardie geskiedenis.

Hier kan genoem word dat die pas afgelope dekade van 2010 as besonders vrugbaar vir die bestudering van dié, en vele ander, 'geheime geskiedenisse' van Afrikaans (soos Hein Willemse (2015) dit bewoord) beskou kan word. Die 'demokratisering van Afrikaans', wat Christo van Rensburg (1992; vergelyk ook Grebe, 2004) met die oorgang vanaf apartheid- na 'n demokratiese Suid-Afrika as wenslik beskou het, het begin wortelskiet. Benewens 'n intensivering van die studie van Kaaps (vergelyk Hendricks en Dyers, 2016), is die eerste kongres oor Oranjerivierafrikaans gehou. Die referate wat daaruit voortgespruit het, en hier in die bladsye van *T.N&A* verskyn het (vergelyk Van Wyk en Teise, 2018), getuig van 'n diepgaande gesprek wat oor die sambreelvariëteit ingelei is. Benewens talige besprekings van Oranjerivierafrikaans (Hendricks, 2018 en Van Keymeulen, 2018), is daar ook studies oor die letterkundige uitdrukking van die Noordwesterse/Noord-Kaapse ruimte (Bonthuys, 2018 en Van Wyk, 2018), asook ondersoeke na die sosio-kulturele geskiedenis van Afrikaans in die Noord-Kaap (De Vries, 2018).

Die studie van |xam, en die Bleek en Lloyd-argief in die besonder, vind aanklank by al dié strominge: dit spreek tot die talige aard van vroeë Oranjerivierafrikaans, tot van die eerste opgetekende letterkunde wat uit die gebied spruit, en tot die sosio-kulturele geskiedenis van die gebied. Wanneer ons oor die |xam, en |xam-erfenis, dink, word ons dus met verwikkeldhede gekonfronteer (vergelyk Staphorst, 2019, 2021a en 2021b) – dieselfde verwikkeldhede wat Afrikaans as

’n taal kenmerk, naamlik teenstrydighede en noodlottige verbintenisse. Indien ons nie daardie verwikkeldhede ondersoek en bestudeer nie, loop ons die gevaar om ’n toekoms te skep waarin Suid-Afrikaners na ons landswapen, en die |xam-motto daarin vervat, sal kyk met geen begrip vir wat dit vir ons erfenis en gedeelde menslikheid beteken nie. So, laat ons loop luister na wat die |xam ons oor onsselwers kan leer!

Nelson Mandela Universiteit
Wolfson College, Universiteit van Oxford

Bronnelys

ǁkabbo. 1911a. ǁkabbo’s Intended Return Home. In: Bleek, W.H.I. en Lloyd, L.C. (reds.). *Specimens of Bushman Folklore.* Londen: George Allen.

ǁkabbo. 1911b. The Mantis assumes the form of the Hartebeest. In: Bleek, W.H.I. en Lloyd, L.C. (reds.). *Specimens of Bushman Folklore.* Londen: George Allen.

Attwell, David en Attridge, Derek (reds.). 2012. *The Cambridge History of South African Literature.* Cambridge: Cambridge University Press.

Bam, June. 2015. Contemporary Khoesan identities in the Western Cape and campaigns for social justice. *Bulletin of the National Library of South Africa*, 69(2): 215-232.

Bank, Andrew. 2006. *Bushmen in a Victorian World: the remarkable story of the Bleek-Lloyd collection of Bushman folklore.* Kaapstad: Double Storey.

Barnabas, Shanade en Miya, Samukelisiwe. 2019. KhoeSan Identity and Language in South Africa: Articulations of Reclamation. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 59-103.

Barnard, Alan. 2004. Coat of Arms and the Body Politic: Khoisan Imagery and South African National Identity. *Ethnos: Journal of Anthropology*, 69(1): 5-22.

Barnard, Alan. 2007. *Anthropology and the Bushman.* Oxford: Berg.

Besten, Michael P. 2011. Envisioning Ancestors: Staging of Khoe-San authenticity in South Africa. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 25(2): 175-191.

Besten, Michael P. 2013. ‘We are the original inhabitants of this land’: Khoe-San identity in post-apartheid South Africa. In: Adhikari, M. (red.). *Burdened by Race: Coloured identities in southern Africa.* Kaapstad: University of Cape Town Press.

Bleek, Dorothea F. 1923. *The Mantis and his Friends: Bushman folklore.* Kaapstad: Maskew Miller.

Bleek, Dorothea F. 1956. *A Bushman Dictionary.* New Haven: American Oriental Society.

Bleek, Edith en Bleek, Dorothea F. 1909. Notes on the Bushmen. In: Tongue, M.H. (red.). *Bushman Paintings*. Londen: Clarendon Press.

Bleek, Wilhelm H.I. 1873. *Report of Dr Bleek concerning his researches into the Bushman language and customs. Presented to the Honourable the House of Assembly by command of His Excellency the Governor.* Kaapstad: Government Printer.

Bleek, Wilhelm H.I. en Lloyd, Lucy C. (reds). 1911. *Specimens of Bushman Folklore.* Londen: George Allen.

Boezak, Willa. 2016. Die Khoi-San as Afrikaanse Gemeenskap – Gister, Vandag en Môre. In: Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, M. (reds.). *Ons kom van vêr: bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans.* Kaapstad: Naledi.

Boezak, Willa. 2018. ATKV-taalerfenissimposium: Willa Boezak oor die Khoisan se bydrae tot die Afrikaanse taalerfenis. LitNet. https://www.litnet.co.za/atkv-taalerfenissimposium-willa-boezak-oor-die-khoisan-se-bydrae-tot-die-afrikaanse-taalerfenis/. (Datum van gebruik: 14 April 2021).

Bonthuys, Marni. 2018. Riekert, Weideman en Myburgh: die representasie van die Noordwesterse ruimte in drie Afrikaanse digbundels. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 37-62.

Bosman, Daniël B. 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans.* Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

Brits, Elsabé. 2021. Dié kosbare versameling is gered. LitNet. https://www.litnet.co.za/die-kosbare-versameling-is-gered/. (Datum van gebruik: 21 April 2021).

Brown, Justin en Deumert, Ana. 2017. 'My Tribe is the Hessequa. I'm Khoisan. I'm African': Language, Desire and Performance among Cape Town's Khoisan Language Activists. *Multilingua: Journal of Cross-Cultural and Interlanguage Communication*, 36(5): 571-594.

Carstens, Wannie A.M. 2013a. Die storie van Afrikaans: Perspektiewe op die verlede, hede en toekoms. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 20(1): 21-49.

Carstens, Wannie A.M. 2013b. Op pad van 'n verdeelde na 'n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 10(1): 513-550.

Carstens, Wannie A.M. en Raidt, Edith H. 2017. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal. Deel 1. Die Europese geskiedenis van Afrikaans.* Pretoria: Protea.

Carstens, Wannie A.M. en Raidt, Edith H. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal. Deel 2. Die Afrikageskiedenis van Afrikaans.* Pretoria: Protea.

Chapman, Michael. 1996. *Southern African literatures.* Londen: Heinemann.

Chapman, Michael. 2022. *On Literary Attachment in South Africa: Tough Love.* New York: Routledge.

Cope, Jack en Krige, Uys. 1968. *The Penguin Book of South African Verse.* Londen: Penguin.

Deacon, Janette en Dowson, Thomas A. (reds.). 1996. *Voices from the past: |Xam Bushmen and the Bleek and Lloyd collection.* Johannesburg: Wits University Press.

Deacon, Janette en Skotnes, Pippa. 2014a. Introduction. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (reds). *The Courage of ǁkabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of* Specimens of Bushman Folklore. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Deacon, Janette en Skotnes, Pippa. (reds.). 2014b. *The courage of ||kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of* Specimens of Bushman folklore. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Den Besten, Hans. 2005. Neerlandismen, pidginismen en Afrikaans in brieven van twee Khoekhoen uit 1800. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 12(1): 25-42.

Den Besten, Hans. 2012a. From Khoekhoe foreigner talk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar. In: Van der Wouden, T. (red.). *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten.* Amsterdam: John Benjamins Publishing.

Den Besten, Hans. 2012b. Khoekhoe syntax and its implications for L2 acquisition of Dutch and Afrikaans. In: Van der Wouden, T. (red.). *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten.* Amsterdam: John Benjamins Publishing.

De Vries, Anastasia. 2018. Afrikaans se verborge Katolieke geskiedenis in die Noord-Kaap. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 28(1): 87-110.

Dirix, Pieter en Augustinus, Liesbeth. 2019. Gaan haal die sjampanje! 'n Korpusondersoek na skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 26(2): 4-19.

Du Plessis, Hans. 1987a. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes. Ongepubliseerde RGN-verslag.

Du Plessis, Hans. 1987b. *Variasietaalkunde.* Pretoria: Serva.

Du Plessis, Hans. 1990. Die skakelwerkwoorde kom en loop. *South African Journal of Linguistics / Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8(2): 69-74.

Du Plessis, Hans. 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap: huldigingsbundel vir Christo van Rensburg.* Pretoria: Van Schaik.

Du Plessis, Hans. 2015. Afrikaans, gekry of gemaak? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 22(2): 71-89.

Du Plessis, Hans en Grant, Julie. 2019. Afrikaans on the Frontier: Two Early

Afrikaans Dialects. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 20-32.

Du Plessis, Menán. 2008. A plea for the renewal of Khoesan linguistic studies at South African universities. Referaat gelewer by die Khoesan Convention, Bloemfontein, 11-13 April.

Du Plessis, Menán. 2014a. A century of the *Specimens of Bushman Folklore*: 100 years of linguistic neglect. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (reds.). *The Courage of ǁkabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of* Specimens of Bushman Folklore. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Du Plessis, Menán. 2014b. The damaging effects of romantic mythopoeia on Khoesan linguistics. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 28(3): 569-592.

Du Plessis, Menán. 2018. *Kora: a lost Khoisan language of the early Cape and the Gariep.* Pretoria: UNISA Press.

Du Plessis, Menán. 2019. The Khoisan Languages of Southern Africa: Facts, Theories and Confusions. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4–5): 33–54.

Eberhard, Etaine. 1996. Wilhelm Bleek and the founding of Khoisan research. In: Deacon, J. en Dowson, T.A. (reds.). *Voices from the Past: /Xam Bushmen and the Bleek and Lloyd collection.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Ellis, William. 2014. Simulacral, genealogical, auratic and representational failure: Bushman authenticity as methodological collapse. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 28(3): 493-520.

Ellis, William. 2015. *Ons is Boesmans*: commentary on the naming of Bushmen in the southern Kalahari. *Anthropology Southern Africa*, 38(1-2): 120-133.

Galloway, Michelle. 2020. Rediscovering a Khoisan language – Fellows' seminar by Menán Du Plessis. Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS). https://stias.ac.za/2020/04/rediscovering-a-khoisan-language/. (Datum van gebruik: 18 April 2021).

Gordon, Robert. J. en Douglas, Stuart S. 2000 (1992). *The Bushman Myth: the making of a Namibian underclass.* Boulder: Westview Press.

Grant, Julie. 2019. Language and Education: Photovoice Workshops and the !Xun and Khwe Bushmen. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies* 33(4-5): 157-173.

Grant, Julie. 2021. 'The Origins Centre: Enlivening the Bushmen'. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 21 July.

Grebe, Heinrich P. 2004. 'n Prys om te betaal? Die belang van historiese taalnavorsing in 'n etnies verdeelde samelewing. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 11(2).

Grebe, Heinrich P. 2012. *Op die keper beskou: oor die ontstaan van Afrikaans.* Pretoria: Van Schaik.

Groenewald, Gerald. 2019. Slaves, Khoikhoi and the Genesis of Afrikaans: the development of a historiography, ca. 1890s-1990s. *South African Journal of Cultural History / Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 33(2): 1-24.

Hendricks, Frank. 2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 11(2): 715-748.

Hendricks, Frank. 2017. *Taalkundige Essays: 'n Gerf uit die vroegskemer.* Stellenbosch: SUN Press.

Hendricks, Frank. 2018. Oranjerivierafrikaans: van gemarginaliseerde en aanspraakmaker tot deelgenoot. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 3-36.

Hendricks, Frank en Dyers, Charlyn (reds.). 2016. *Kaaps in Fokus.* Stellenbosch: SUN Press.

Hewitt, Roger L. 2002. Eine ethnographische Skizze der /Xam | An Ethnographic Sketch of the /Xam. In: Szalay, M. (red.). *Der Mond als Schuh: Zeichnungen der San | The Moon as Shoe: drawings of the San.* Zurich: Scheidegger und Spiess.

Hewitt, Roger L. 2007. Reflections on Narrative. In: Skotnes, P. (red.). *Claim to the Country: The Archive of Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd.* Johannesburg: Jacana | Athene: Ohio University Press.

Hewitt, Roger L. 2008 (1986). *Structure, Meaning and Ritual in the Narratives of the Southern San.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Heywood, Christopher. 2004. *A History of South African Literature.* Cambridge: Cambridge University Press.

Hollmann, Jeremy C. (red.). 2004. *Customs and Beliefs of the |Xam Bushmen.* Johannesburg: Wits University Press.

James, Alan. 2001. *The First Bushman's Path: stories, songs and testimonies of the /Xam of the northern Cape.* Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Jeursen, Belinda. 1995. Rock art as a bridge between past and future: a common cultural heritage for the new South Africa? *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 9(2): 119-129.

Jones, Kerry. 2019. Contemporary Khoesan Languages of South Africa. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 55-73.

Kirsten, Johanita. 2018. Afrikaans uit en van Europa: Deel een van die storie van Afrikaans. *Literator*, 39(1): a1524.

Kotzé, Ernst. 2019. *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika, Deel 2* deur W.A.M. Carstens en E.H. Raidt. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4): 588-598.

Kriel, Mariana. 2015. Reviews – *Accented futures. Language activism and the ending of apartheid* By Carli Coetzee. *Acta Academica*, 47(2): 192-194.

Kriel, Mariana. 2018. Chronicle of a Creole: the ironic history of Afrikaans. In:

Knörr, J. en Trajano Filho, W. (reds.). *Creolization and Pidginization in Contexts of Postcolonial Diversity: Language, Culture, Identity.* Leiden: Brill.

Krog, Antjie. 2004a. *Die sterre sê 'tsau': /Xam-gedigte van Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /A!kúnta, /Han≠kass'o en //Kabbo gekies en versorg deur Antjie Krog.* Kaapstad: Kwela.

Krog, Antjie. 2004b. *The stars say 'tsau': /Xam poetry of Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /A!kúnta, /Han≠kass'o and //Kabbo Selected and adapted by Antjie Krog.* Kaapstad: Kwela.

Krog, Antjie. 2006. Stephen Watson in the annals of Plagiarism. LitNet. https://www.oulitnet.co.za/seminarroom/krog_krog.asp. (Datum van gebruik: 28 April 2021).

Kruiper, Belinda en Bregin, Elana. 2020. *Kalahari-Waarheid* (vertaling N. Oets). Kaapstad: Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans.

Lewis-Williams, J. David. 1981. *Believing and Seeing: Symbolic Meanings in Southern San Rock Paintings.* Londen: Academic Press.

Lewis-Williams, J. David (red.). 2000. *Stories that Float from Afar: ancestral folklore of the San of southern Africa.* Kaapstad: David Philip.

Links, Tony H. 1989. *So praat ons Namakwalanders.* Kaapstad: Tafelberg.

Loughnane, Robyn, McGranaghan, Mark en Güldemann, Tom. 2014. *Omnis traductor traditor*: linguistic analyses of |Xam as interpretive tools. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (reds.). *The Courage of ǁkabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of* Specimens of Bushman Folklore. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Marais, Eugène N. 1927. *Dwaalstories en ander vertellinge.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

Markowitz, Arthur. 1956. *With Uplifted Tongue: stories, myths and fables of the South African Bushmen told in their manner.* Kaapstad: Central News Agency.

Markowitz, Arthur. 1971. *The Rebirth of the Ostrich: and other stories of the Kalahari Bushmen told in their manner.* Gaborone: National Museum and Art Gallery.

Martin, Julia. 2007. Springbok, farmers, places and shards: Reading and writing the Bleek-Lloyd archive. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 19(1): 137-152.

Nienaber, Gabriël S. 1963. *Hottentots.* Pretoria: Van Schaik.

Nienaber, Gabriël S. 1994. Die ontstaan van Khoekhoe-Afrikaans. In: Olivier, G. en Coetzee, A. (reds.). *Nuwe Perspektiewe op die Geskiedenis van Afrikaans.* Halfweghuis: Southern Uitgewers.

Odendaal, Bernard. 2015. Omgangsvariëteite van Afrikaans in die digkuns sedert Sestig. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 27(2): 32-62.

Penn, Nigel. *2005. The Forgotten Frontier: Colonist and Khoisan on the Cape's Northern Frontier in the 18th Century.* Kaapstad: Double Storey | Athene: Ohio University Press.

Ponelis, Fritz A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle.* Pretoria: HAUM.

Raper, Peter E. 2010. The ethnonyms 'Bushman' and 'San'. *Acta Academica*, 42(1): 168-186.

Raper, Peter E. 2011. Another look at 'Khoikhoi' and related ethnonyms. *Acta Academica*, 43(1): 109-129.

Rassool, Ciraj. 2006. Beyond the Cult of 'Salvation' and 'Remarkable Equality': a new paradigm for the Bleek-Lloyd Collection. *Kronos: Southern African Histories*, 32: 244-251.

Roux, Justus C. 2019. Die storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika: Deel 1. *Tydskrif vir Letterkunde*, 56(1): 164-168.

Ruiters, Michele. 2013. Collaboration, assimilation and contestation: emerging constructions of coloured identity in post-apartheid South Africa. In: Adhikari, M. (red.). *Burdened by Race: Coloured identities in southern Africa.* Kaapstad: University of Cape Town Press.

Rusch, Neil. 2016. The root and tip of the ǁkwanna: introducing chiasmus in |xam narratives. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 30(6): 877-897.

Saal, Elvis. 2019. ATR-komvandaan-seminaar 2019: Van "brokwa" tot "broodgoed" – op reis met Oranjerivierafrikaans (Gariep-Afrikaans). LitNet. https://www.litnet.co.za/atr-komvandaan-seminaar-2019-van-brokwa-tot-broodgoed-op-reis-met-oranjerivierafrikaans-gariep-afrikaans/. (Datum van gebruik: 12 April 2021).

Saal, Elvis en Lawrence, Donovan. 2019. "Ons skryf soos ons praat": Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 16(1): 19-63.

Schultze-Jena, Leonhard. 1928. *Zoologische und Anthropologische Ergebnisse einer Forschungreise im Westlichen und Zentralen Südafrika, Ausgeführt in den Jahren 1903-1905.* Jena: G Fischer.

Skotnes, Pippa (red.). 2007. *Claim to the Country: the archive of Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd.* Johannesburg: Jacana | Athene: Ohio University Press.

Skotnes, Pippa. 2021. Bleek and Lloyd saved! Centre for Curating the Archive. http://www.cca.uct.ac.za/news/bleek-and-lloyd-saved. (Datum van gebruik: 13 Julie 2021).

Solomon, Anne. 2014. 'People who are Different': alterity and the /Xam. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (reds.). *The Courage of ǁkabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of* Specimens of Bushman Folklore. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Spohr, Otto H. 1965. *The Natal Diaries of W.H.I. Bleek, 1855-1856.* Kaapstad: Balkema.

Staphorst, Luan. 2017. Translation of San Orality into African Poetry. Referaat gelewer by die Pre-Colonial Catalytic Conference, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth, 15-17 Maart.

Staphorst, Luan. 2019. Owning the Body, Embodying the Owner: Complexity and Discourses of Rights, Citizenship and Heritage of Southern African Bushmen. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 104-121.

Staphorst, Luan. 2021a. |hu|huŋaŋ |ne e: ǂkakən au hi |enni |emm (Europeans are those who talk with the tip of their tongue): colonialesque knowledge, atttuned thinking and the bloody body of scholarship known as Bushman studies. *Southern African Humanities*, 34: 59-82.

Staphorst, Luan. 2021b. Voorgevoelens, vertolkings en verklarings: resepsie van 'n 19de-eeuse |xam-kum. *Tydskrif vir Letterkunde*, 58(2): 103-117.

Staphorst, Luan. s.a. "van die oorspronklike lippe" [from the original lips]: linguistic archaeology, the 19th Century Cape Colony, and the historicity of Gideon von Wielligh's |xam collection. Voorgelê vir publikasie.

Suzman, James. 2019. *Affluence without Abundance: the disappearing world of the Bushmen.* New York: Bloomsbury.

Taljard, Marlies. 2018. Die storie van Afrikaans: Biografie van 'n taal (Deel 1). *Woord en Daad / Word and Action*, 57(433): 12.

Theys, Hendrik. 2021. Die kartering van Gariepafrikaans. Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument. http://www.taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2021/03/Gariepafrikaans-2021.pdf. (Datum van gebruik: 23 Julie 2021).

Titus, Danny. 2016. Afrikaanse boek van bruin kant – taal en identiteit op die Afrikaanse werf. In: Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, M. (reds.). *Ons kom van vêr: bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans.* Kaapstad: Naledi.

Tomaselli, Keyan G. 1995. Introduction. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 9(2): i-xxi.

Traill, Anthony. 1996. !Khwa-ka Hhouiten Hhouiten: 'The Rush of the Storm': the linguistic death of |xam. In: Skotnes, P. (red.). *Miscast: negotiating the presence of the Bushmen.* Kaapstad: University of Cape Town Press.

Traill, Anthony. 2004. The Khoesan Languages. In: Mesthrie, R. (red.). *Language in South Africa.* Cambridge: Cambridge University Press.

Traill, Anthony. 2007. !Khwa-ka Hhouiten Hhouiten: 'The Rush of the Storm': the linguistic death of |xam. In: Skotnes, P. (red.). *Claim to the Country: the archive of Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd.* Johannesburg: Jacana | Athene: Ohio University Press.

United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization (UNESCO). 2012. *Memory of the World.* Glasgow: HarperCollins.

Van Coller, Hennie P. en Odendaal, Bernard J. 1999. George Weideman. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2.* Pretoria: Van Schaik.

Van Heerden, Menán en Kulsen, Anzil. 2017. Oranjerivierafrikaans is nxa!: 'n onderhoud met Anzil Kulsen. LitNet. https://www.litnet.co.za/oranjerivierafrikaans-nxa-n-onderhoud-met-anzil-kulsen/. (Datum van gebruik: 23 Julie 2021).

Van Keymeulen, Jacques. 2018. Het Vlaams en de variëteiten van het Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 63-75.

Van Rensburg, Christo. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In: Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans.* Pretoria: Academica.

Van Rensburg, Christo (red.). 1984. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. Ongepubliseerde verslag.

Van Rensburg, Christo (red.). 1987. Die Afrikaans van die Richtersveld. Ongepubliseerde RGN-verslag.

Van Rensburg, Christo. 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde.* Pretoria: Academica.

Van Rensburg, Christo. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In: Webb, V.N. (red.). *Afrikaans ná Apartheid.* Pretoria: Van Schaik.

Van Rensburg, Christo (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika.* Pretoria: Van Schaik.

Van Rensburg, Christo. 2012. *So kry ons Afrikaans.* Pretoria: LAPA.

Van Rensburg, Christo. 2013. 'n Perspektief op 'n periode van kontak tussen Khoi en Afrikaans. *Literator*, 34(2).

Van Rensburg, Christo. 2015. Khoi en Oosgrensafrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 47: 75-97.

Van Rensburg, Christo. 2016. Die vroegste Khoi-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1-2): 454-476.

Van Rensburg, Christo. 2018a. Die Khoekhoegowab-tale en Afrikaans. LitNet. https://www.litnet.co.za/die-khoekhoegowab-tale-en-afrikaans/. (Datum van gebruik: 24 Julie 2021).

Van Rensburg, Christo. 2018b. *Van Afrikaans gepraat.* Pretoria: LAPA.

Van Vuuren, Helize. 1994. Forgotten Territory: the oral tradition of the /Xam. *Alternation*, 1(2): 57-70.

Van Vuuren, Helize. 1995. Die mondelinge tradisie van die /Xam en 'n herlees van Von Wielligh se *Boesman-Stories* (vier dele, 1919-1921). *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(1): 25-35.

Van Vuuren, Helize. 2003. "Die Boesman in ons bewussyn": 'n bestekopname

in die Afrikaanse poësie. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 15(1): 122-144.

Van Vuuren, Helize. 2008. Plagiaat? Appropriasie? Kulturele oorplanting? Huldiging? Brandende kwessies rondom mondelinge tradisies – Eugène Marais en die San opnuut bekyk. *Journal of Literary Studies / Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 24(4): 85-112.

Van Vuuren, Helize. 2010. Voorwoord. In: Von Wielligh, G.R. (red.). *Versamelde Boesmanstories 2.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Van Vuuren, Helize. 2016. *A Necklace of Springbok Ears: /Xam orality and South African literature.* Stellenbosch: SUN Press.

Van Wyk, Bertie. 2016. Indigenous Rights, Indigenous Epistemologies, and Language: (Re)Construction of Modern Khoisan Identities. *Knowledge Cultures*, 4(4): 33-45.

Van Wyk, Steward. 2018. Spore in die sand, oftewel regionale literatuur en aktualiteit: 'n perspektief uit enkele Noord-Kaapse tekste. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 76-86.

Van Wyk, Steward en Teise, Victor. 2018. Voorwoord. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 2.

Veracini, Lorenzo en Verbuyst, Rafael. 2020. South Africa's settler-colonial present: Khoisan revivalism and the question of indigeneity. *Social Dynamics: a journal of African studies*, 46(2): 259-276.

Verbuyst, Rafael. 2016 Claiming Cape Town: towards a symbolic interpretation of Khoisan activism and land claims. *Anthropology Southern Africa*, 39(2): 83-96.

Verstraete, Claire. 2006. Plagiarism: the cultural outbreak. Ongepubliseerde MA-tesis. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Vinnicombe, Patricia. 1976. *People of the Eland: rock paintings of the Drakensberg Bushmen as a reflection of their life and thought.* Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Viviers, Marni. 2008. Die voorstelling van die Noordweste as ruimte in George Weideman se digbundel *'n Staning onder sterre*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Von Wielligh, Gideon R. 1925. *Ons Geselstaal: 'n oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word.* Pretoria: Van Schaik.

Von Wielligh, Gideon R. (red.). 2009. *Versamelde Boesmanstories 1.* Pretoria: Protea.

Von Wielligh, Gideon R. (red.). 2010. *Versamelde Boesmanstories 2.* Pretoria: Protea.

Voss, Tony. 1995. Re-recuperating the San. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 9(2): 147-153.

Voss, Tony. 2018. "Living in the Moment": The 'Bushman' Presence, Past and Future. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 30(1): 2-11.

Watson, Stephen. 1991. *Return of the Moon: versions from the /Xam.* Kaapstad: Carrefour.

Watson, Stephen. 2005. Annals of Plagiarism, or: Antjie Krog and the Bleek and Lloyd collection. *New Contrast*, 33(2): 48-61.

Wessels, Michael A. 2007. Antjie Krog, Stephen Watson and the metaphysics of presence. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 19(2): 24-48.

Wessels, Michael A. 2010. *Bushman Letters: interpreting |Xam narrative.* Johannesburg: Wits University Press.

Wessels, Michael A. 2014. San representation: an overview of a field. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 28(3): 465-471.

Wessels, Michael A., Tomaselli, Keyan G. en Grant, Julie. 2019. Reviewing the topic: literacy and language amongst the KhoeSan. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4–5): 1–9.

Willemse, Hein. 2008. Tokkelossie, "'n Boesman, outa Hendrik", en ontkennende close readings. *Literator*, 29(3): 57-73.

Willemse, Hein. 2009. G.R. von Wielligh se nalatenskap. *Literator*, 30(3): 193-194.

Willemse, Hein. 2015. The Hidden Histories of Afrikaans. https://www.up.ac.za/faculty-of-humanities/news/post_2235567-the-hidden-histories-of-afrikaans. (Datum van gebruik: 23 Julie 2021).

Willemse, Hein. 2017. Op die spoor van 'n inklusiewe Afrikaanse tradisie. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 24(1): 3-12.

Willemse, Hein. 2019a. DAK-konferensie: Oor "die taal wat miere daidelik is". LitNet. https://www.litnet.co.za/dak-konferensie-oor-die-taal-wat-miere-daidelik-is/ (Datum van gebruik: 11 Julie 2021).

Willemse, Hein. 2019b. Op weg na die volheid van die Afrikaanse taal. LitNet. https://www.litnet.co.za/op-weg-na-die-volheid-van-die-afrikaanse-taal/ (Datum van gebruik: 11 Julie 2021).

Wilmsen, Edwin. 1989. *Land filled with Flies: a political economy of the Kalahari.* Chicago en Londen: University of Chicago Press.

Wright, John. 1996. Sonqua, Bosjesmans, Bushmen, abaThwa: comments and queries on pre-modern identifications. *South African Historical Journal*, 35(1): 16-29.

Note

1. Dele van dié artikel is vir die eerste maal as referaat in Augustus 2018 tydens die *Rethinking Khoe and San Indigeneity, Language and Culture in the Transformation of School and Tertiary Education in South Africa*-seminaar te Universiteit van Johannesburg voorgedra. Daar was die kommentaar,

asook die aansporing, van veral professore Christo van Rensburg, Hans du Plessis, en Menán du Plessis besonders stimulerend. Prof. Van Rensburg se voorstel aan die einde van die seminaar dat ons saam navorsing oor die verbande tussen Khoe-Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en die |xam-taal moet aanpak is ongetwyfeld 'n hoogtepunt – nie net van die seminaar nie, maar van my akademiese loopbaan. Ongelukkig kon ons nooit dié navorsingsmoontlikheid verder ondersoek nie vanweë sy onverwagse afsterwe bloot enkele dae na afloop van die seminaar. Vandaar word dié artikel aan hom opgedra. Benewens die seminaar, is dele van die artikel verder tydens die *Language and the (De)Colonisation of the African Coast*-werkswinkel (Oktober 2018) te Nelson Mandela Universiteit en die aanlyn *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns Studentesimposium* (Oktober 2020) aangebied. Ek erken graag die kommentaar wat goedgunstiglik tydens hierdie byeenkomste, asook deur twee anonieme keurders, met my gedeel is.

2. Die artikel word opgedra aan Prof. Christo van Rensburg. Hy het die stene waarmee Afrikaans gebou is, al lankal raakgesien.